# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

**Kernwenke**

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Oefening 1: Skryf bondige antwoorde wat duidelike begrip van die vrae toon.
- In Oefening 2: Identifiseer die verlangde inligting in die bronteks en dra dit akkuraat op die vorm oor.
- In Oefening 3: Lees die bronteks, die voorbeeld-antwoord en die opskrifte vir antwoorde noukeurig deur en maak kernagtige aantekeninge.
- In Oefening 4: Skryf ’n kernagtige opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde.
- In Oefening 5 en 7: Gebruik die verlangde formaat en lewer ’n skryfstuk wat uit samehangende paragrawe bestaan en goed by die onderwerp aansluit.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Oefening 1**

**Vraag 1:** Die meeste kandidate het hierdie vraag reg beantwoord. Hulle kon slegs die woord “Buffelsfontein” neerskryf.

**Vraag 2:** Kandidate wat “Moenie jou kamera vergeet nie” (direk uit die teks) in plaas van “jou kamera” geantwoord het, het die punt verbeur. Die vraag was “Wat moet jy saamneem?” en nie “Wat moet jy nie vergeet nie?”.

**Vraag 3:** Kandidate moet herinner word dat hulle genoeg inligting moet verskaf. Net “skoen” in plaas van “in ’n skoen” sou byvoorbeeld nie ’n punt kry nie. Kandidate wat ’n hele sin woordeliks neergeskryf het (“’n Portugese seevaarder het vroeg in 1500 ’n brief in ’n skoen aan ’n tak van ’n melkhoutboom in Mosselbaai gelos”), het nie getoon hulle verstaan die vraag nie en het dus nie ’n punt verdien nie.

**Vraag 4:** Kandidate wat die vraag reg gelees het, het iets soos “Daar was ’n fontein met vars water” geantwoord. Ander kandidate het die punt verbeur omdat hulle die volgende sin neergeskryf het: “Hierdie boom is as ’n posboom gebruik omdat dit naby ’n fontein was waar mense vars water kon kry.” Die vraag was nie oor waarom die posboom gebruik is nie, hoewel die antwoord later in daardie sin verskyn.

**Vraag 5:** Kandidate wat “Australië” geantwoord het, het die punt gekry (ook as dit “Australia” gespel is), want die vraag was met watter land die Noord-Kaap vergelyk word. Kandidate wat “Australiese platteland” geantwoord het, het geen punt gekry nie.

**Vraag 6:** Punte is toegeken vir die woorde “groot” en “oop”. Baie kandidate het volpunte gekry.

**Vraag 7:** Hierdie vraag het aangedui watter kandidate fyn kan lees. Talle het die punt verbeur omdat hulle “Gaan van Junie tot Augustus wanneer dié bome blom” of “die bome blom” direk uit die teks neergeskryf het terwyl hulle na die kokerbome moes verwys (“Die kokerbome blom dan”).

**Algemene kommentaar:**

- Kandidate moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Hulle moet hulle self elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Kandidate wat geneig is om


© 2015

twee of drie sinne woordeliks uit die teks oor te skryf omdat hulle hoop die korrekte antwoord gaan êrens daarin wees, moet besef dit gaan nie werk nie – hulle sal tien teen een geen punt behaal nie.

- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Daar is steeds kandidate wat elke vraag in hierdie oefening in die antwoord herhaal. Dit is onnodig en 'n vermorsing van tyd.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.

**Oefening 2**

- Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul.
- Dit is verblydend dat baie min kandidate die adres verkeerd neergeskryf het. Slegs 'n paar het "Noordstraat" as twee woorde geskryf of die straatnommer voor die straatnaam geskryf.
- Die meeste kandidate het die geboortedatum korrek neergeskryf. Slegs 'n paar het "August" in plaas van "Augustus" geskryf en 'n paar het "30 Augustus" in plaas van "30 Augustus 1999" geskryf.
- Kandidate moet maar gereeld herinner word om adresse en datums reg neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets kandidate se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat weer te gee. ('n Skryfwyse soos "30/8/1999" in plaas van "30 Augustus 1999" is ook nie aanvaarbaar nie.)
- Heelwat kandidate het 'n punt verbeur toe hulle nie die tale wat buite die skool geleer word korrek ingevul het nie. In hierdie geval moes "Italiaans en Hindi" vir een punt neergeskryf word.
- Waar kandidate inligting moet invul in plaas van om slegs 'n regmerkie te maak, moet hulle presies gee wat gevra word. By "Ander" moes hulle byvoorbeeld iets soos "My vriendin leer my" neerskryf, en nie net "vriend" of "vriende" nie.
- Wanneer kandidate inligting moet neerskryf, moet hulle ook onthou om dit namens die persoon wie se inligting gegee word, in te vul. Hulle moet byvoorbeeld nie sê "Emma dink elke taal is 'n venster op 'n nuwe wêreld" nie, maar "ek dink elke taal is 'n venster op 'n nuwe wêreld".
- Kandidate word nie gevra om in slegs hoofletters te skryf nie en verkieslik moet hulle dit nie doen nie, want daar word juis ook getoets of hulle inligting presies korrek kan oorskryf (met hoof- en kleinletters soos gegee).

**Oefening 3**

Kandidate het meestal redelik goed gevaar in hierdie oefening.

- Baie kandidate het die twee punte by **(a)** gekry.
- By **(b)** het heelwat kandidate nie na die spesifieke wêrelddele/lande verwys nie en dus die punte verbeur.
- By **(c)** het die meeste kandidate goed gevaar.

**Algemene riglyne**

- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: in die meeste gevalle is dit nie voldoende om 'n enkele woord per reël te skryf nie. 'n Woord soos "lewensuitkyk" in plaas van "weerspieël mense se lewensuitkyk" of "kultuur en godsdiens" in plaas van "is deel van mense se kultuur en godsdiens" by **(c)** is onvoldoende.
- Alle kandidate moet woorde soos "kenmerke", "ooreenkomste" en "verskille" ken.

**Oefening 4**

- Oor die algemene vind kandidate die opsomming steeds moeilik en begaan hoofsaaklik twee foute:
  - Hulle lees nie die opdrag deeglik nie en maak dan 'n opsomming van die hele teks. As hulle opsomming dan glad nie die vraag beantwoord nie, sal hulle geen punt verdien nie.
  - Hulle skryf slegs 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neer. Kandidate wie se hele opsomming 'n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, gaan hoogstens een punt verdien. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)
- Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.


© 2015

**Oefening 5**

- Talle kandidate het doeltreffend oor die onderwerp geskryf. Algemene spesiale goed waaroor geskryf is, was:

  - Hulle is gekies vir 'n sportspan of ander span/groep.
  - Iets het gebeur wat hulle laat besef het wat hulle na skool wil studeer.
  - Hulle is aanvaar vir 'n kursus waarvoor hulle aansoek gedoen het.
  - Hulle het 'n motor present gekry.
  - Hulle het 'n nuwe hondjie gekry.
  - Hulle het 'n nuwe kêrel/nooi gekry.
  - Hulle het die eerste keer iemand gesoen.

- Kandidate moet herinner word om noukeurig ag te slaan op die riglyne wat verskaf word:

  – die spesiale ding wat met hulle gebeur het
  – hoe dit hulle laat voel het
  – hoe dit hulle lewe gaan beïnvloed.

  In enige goeie skryfstuk moet al drie riglyne gedek word.

  Baie kandidate het die eerste twee vereistes goed gedek, maar die derde geïgnoreer.

- Hierdie riglyne kan veral nuttig wees vir kandidate wat onseker is of hulle die onderwerp goed verstaan.
- Kandidate moet herinner word om aandag te gee aan die vorm van die skryfstuk. Heelwat kandidate het in plaas van 'n brief 'n opstel geskryf en sommige het 'n dialoog geskryf, wat 'n negatiewe uitwerking op hulle punt het. Heelwat kandidate het ook met 'n brief begin, maar dan na 'n blote vertelling oorgeslaan.
- Kandidate moet herinner word om in die geval van 'n brief met 'n aanhef te begin en hulle skryfstuk korrek af te sluit. Te veel kandidate begin hulle brief met "Dear Maat" (byvoorbeeld) of "Liewe" gevolg deur 'n dubbelpunt en dan 'n naam. Hulle moet herinner word dat die basiese vorm van die brief ook vir 'n e-pos geld; dit is dus sinvol om hulle brief met "Liewe X" of "Beste X" te begin.
- Kandidate moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie 'n bevredigende beeld van hul skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie, en skryfstukke wat ver te lank is, word net gelees (en bepunt) tot kort na die 200 woordeperk.
- Kandidate moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van die drie middelste paragrawe dien.
- Kandidate moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van 'n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.
- Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor "want" en "maar" en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van 'n sin) gee. Dit is ook nie aanvaarbaar om Engelse woorde en uitdrukkings te gebruik nie.

**Algemene foute wat aandag verdien:**

- die gebruik van volsinne
- die verskil tussen "hoe" en "hou"
- die verskil tussen "sal" en "wil"
- die gebruik van "lyk" en "hou van"
- die gebruik van "toe", "dan" en "wanneer"
- die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
- die gebruik van "lewe", "liewe", "lief", "lyf"
- die gebruik van "so" in plaas van "dus".

**Oefening 6**

- **Vraag 1:** Die meeste kandidate het hierdie punt behaal.
- **Vraag 2:** Kandidate moet besef dat hulle vir so 'n vraag wat 'n vergelyking vereis, slegs twee punte kan behaal indien hulle na albei plekke/aspekte verwys.


© 2015

- **Vraag 3:** Heelwat kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord, maar sommige het slegs gesê Crofford is deur Emily Hobhouse geïnspireer, wat nie genoeg was nie.
- **Vraag 4:** Hierdie vraag is goed beantwoord. Sommige het geskryf sy het meer geleer "van die Boerevroue en -kinders se situasie in die Britse konsentrasiekampe en hoe dapper hulle was" in plaas van om na haar insig oor oorlog in die algemeen te verwys.
- **Vraag 5:** Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord.
- **Vraag 6:** Talle kandidate het hierdie vraag met 'n direkte aanhaling uit die teks probeer beantwoord (Baie mense vertel "hulle het nog hierdie poppie of blikkie of iets wat aan 'n familielid behoort het") en toe geen punt behaal nie omdat hulle nie genoem het dat mense nog voorwerpe uit die kampe/oorlog besit nie.
- **Vraag 7:** Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord. Hulle moes noem dat daar talle ander "goeie" produksies was.
- **Vraag 8:** Talle kandidate het hierdie vraag met 'n direkte aanhaling uit die teks probeer beantwoord ("Die teks is saamgestel uit briewe wat Emily Hobhouse gedurende die Anglo-Boereoorlog aan die vrou van president M.T. Steyn van die Oranje-Vrystaat geskryf het") en toe geen punt behaal nie omdat dit nie 'n logiese antwoord is nie. Hulle moes nie verwys na waaruit die teks saamgestel is nie, maar na die briewe wat Hobhouse vir mevrou Steyn geskryf het. Dit is 'n voorbeeld van waar kandidate moet seker maak dat hulle antwoord werklik die vraag beantwoord.

**Algemene kommentaar:**

- In hierdie oefening moet kandidate nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Hierdie oefening is nie soos Oefening 1 en Oefening 3 waar volsinne nie altyd nodig is. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsinantwoorde (alhoewel kandidate vir **Vraag 1** net "welsynwerker" kon neerskryf) waarin kandidate idees volledig moet uitdruk.
- Kandidate moet hard probeer om die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks te gebruik.
- Twee punte vereis twee feite.
- Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Moet verkieslik nie antwoorde met 'n voegwoord begin nie behalwe in 'n geval soos die volgende: "Omdat sy deur Hobhouse geïnspireer is, wil Crofford die plekke besoek waar die konsentrasiekampe was."
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.

**Oefening 7**

- Dit was duidelik dat die meeste kandidate oor hierdie onderwerp kon skryf. Talle het daarin geslaag om hulle mening oor geld goed uit te druk.
- 'n Redelik klein hoeveelheid kandidate het slegs een van die vyf uitsprake wat gegee is, as onderwerp gekies en net daaroor geskryf, en 'n paar kandidate het gedink geld verwys na goud (geld/*gold*).
- Ongelukkig het heelwat kandidate nie lank genoeg geskryf nie, wat 'n negatiewe uitwerking op hulle punte het. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk 200 tot 250 woorde lank moet wees en nie 150 tot 200 woorde soos die een in Oefening 5 nie.

Algemene riglyne ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:

- Die register moet by 'n koerantartikel pas.
- Skryf 'n treffende openingsparagraaf.
- Gee aandag aan paragraafverdeling.
- Sluit die skryfstuk met 'n goeie slotparagraaf af.
- Let Wel: Laat asseblief reëls oop tussen paragrawe.


© 2015

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Algemene kommentaar

Dit is bemoedigend dat ŉ meer as die helfte van die kandidate die luistertekste en vrae goed verstaan en gevolglik goed presteer het. Sommige uitmuntende kandidate het volpunte behaal en talle ander het slegs enkele vrae verkeerd beantwoord.

Volgens IGCSE-kurrikulumvereistes was die tempo van die praatjie en die drie gesprekke waarna die kandidate moes luister nie te vinnig om die tekste goed te volg nie. Die woorde is ook baie duidelik uitgespreek en hulle het geleentheid gehad om twee keer daarna te luister; met ŉ pouse tussenin.

Kandidate wie se luisterbegrip egter nie op die vereiste standaard is nie, het duidelik probleme ondervind. Hulle het dikwels nie verstaan wat gesê word nie omdat hulle woordeskat te beperk is en hulle dan ook nie die vrae op die vraestel vertaan het of die vrae in verband kon bring met die teks wat hulle hoor nie. Hierdie kandidate het ook gesukkel om vrae vir Oefening 3 en Oefening 4 skriftelik te beantwoord, veral waar sinne of frases as antwoord vereis is. Hulle het dan onbevredigende punte vir die vraestel behaal. Om gesproke taal te verstaan, is ŉ basiese taalvaardigheid; dus is dit nodig dat genoeg tyd in die klaskamer daaraan afgestaan word om luistervaardighede te oefen. Swak kandidate herken sommige woorde nie en skryf dan in antwoorde op "papegaaiwyse" slegs letters of klanke neer wat hulle hoor, maar wat heeltemal betekenisloos is. Kennis van Afrikaanse spraakklanke sal help met spelling. Hulle kan byvoorbeeld leer dat sekere vokaalletters saam gebruik word om slegs een spesifieke vokaalklank te vorm, bv. "ou" soos in blou, "ui" soos in lui, "ei" soos in meisie en "oe" soos in boek.

Wanneer antwoorde in een of meer woorde neergeskryf moes word, is die kandidate nie vir spelling of grammatikafoute gepenaliseer nie, maar die woorde wat hulle skryf, moet herkenbaar wees, byvoorbeeld "klafeer" (spelfout) in plaas van "klavier" is korrek geneem (maar nie "kraveer" nie); ook "alf" of "elve" in plaas van die telwoord "elf" is aanvaar vir ŉ punt. Op die eksamenvraestel word gesê dat die vrae in Afrikaans beantwoord moet word; dus is Engelse woorde as antwoorde (soos *bike* en *song*) nie aanvaarbaar nie.

Sommige kandidate het in Oefening 1 en 2 bevredigend gevaar, maar dan byna geen verdere punte behaal in Oefening 3 en 4 nie, want daar kon nie geraai word nie en moes hulle self die antwoord neerskryf.

As kandidate eers die antwoorde vir Oefening 3 en Oefening 4 met ŉ potlood inskryf en dan later weer met ŉ pen bo-oor skryf, moet die potloodskrif baie goed uitgevee word, anders bly dit op die geskandeerde skrif wys en is antwoorde onleesbaar en baie onduidelik.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1: Vrae 1-6

Oor die algemeen is nie veel probleme ondervind met hierdie Waar- en Onwaar-vrae nie omdat die kandidate slegs tussen twee moontlikhede moes kies en antwoorde kon raai. Talle het gefouteer met vraag 4 en vraag 6, waar fyner geluister moes word.

### Oefening 2: Vrae 7-11

Hierdie gesprek het spesifieke feite wat die sprekers genoem het, bevat, byvoorbeeld ŉ presiese getal of spesifieke tyd. Die kandidate moes dus goed luister om die regte antwoorde uit die vier afleiers te kies. Die moeilikheidsgraad was min of meer dieselfde vir al vyf vrae, maar daar is effens meer dikwels gefouteer met vraag 11. Die meeste kandidate het vraag 10 korrek beantwoord.


© 2015

**Oefening 3: Vrae 12-18**

Vanaf vraag 12 het sommige kandidate meer begin klei trap omdat die teks langer was en hulle die antwoorde op die agt vrae moes raak luister en invul. Uit sommige antwoorde op vrae, soos vraag 12, het dit geblyk dat tallekandidate nie kan onderskei tussen die voornaamwoorde “hy”, “hom”, “sy” en “haar” nie, en nie weet watter voornaamwoord vir ŉ manlike en watter vir ŉ vroulike persoon gebruik word nie (“hy” neef of “hy se” neef), in plaas van “sy” neef, of “hom” ma. In plaas van “sy” ma.

Kandidate het dikwels by vraag 13 waar gevra is watter musiekinstrument Nkosi se ma speel, geantwoord dat sy “sing”.

By vraag 14 was dit opmerklik dat baie kandidate nie die telwoord “elf” kan spel nie en ook nie die woord “graad” nie.

Die woord “gunsteling” is ook selde korrek gespel. Hulle moet daarop gewys word dat gunstelingliedjie *een samestelling* is van twee selfstandige naamwoorde wat verbind word. Sulke woorde word nie in Afrikaans los gespel van mekaar nie. Dit is ŉ belangrike spelreël wat ingeskerp moet word. “Liedjie*”* is verkeerdelik op talle vreemde maniere geskryf: “lekkie”, ‘liki”, “lykie”, “likkie”, ensovoorts.

Vir vraag 15 het sommige kandidate as antwoord geskryf dat Nkosi die eerste “Afrikaner” was op die topplek. Dit kon nie korrek geneem word nie, want “Afrikaner” het ŉ ander betekenis en in die teks word spesifiek “Suid-Afrikaner” gesê.

**Oefening 4: Vrae 19-27**

Die laaste oefening op die vraestel is die mees veeleisende en sommige vrae hier is effens moeiliker aangesien dit ook meestal langer antwoorde vereis. Talle kandidate het nie die teks waarna hulle geluister het en/of die vrae verstaan nie; daarom was hulle antwoorde op talle van die vrae geheel en al onvanpas, maar dit is verblydend dat daar ook heelwat was wie se antwoorde almal in die kol was.

Vraag 20 is bevredigend beantwoord, maar ŉ punt is nie gegee vir “selfgetroue” in plaas van “selfvertroue” nie.

By vraag 22 is dikwels verkeerdelik geantwoord dat Lucette nie “vissies” was nie (“fisies” is meestal verkeerd gespel).

Die woord “brons” (die medalje) is ook byna deurgaans verkeerd gespel en die medalje is in sommige gevalle “gevang” in plaas van “ontvang”.

Vraag 24 is oor die algemeen onbevredigend beantwoord. Daar is ook dikwels geantwoord dat die man in Oos-Afrika moes “hardloop”; dus is nie verstaan wat met “marsjeer” bedoel word nie.

Uit antwoorde op vraag 25 blyk dat talle kandidate nie weet wat ŉ medalje is nie, maar dit met die woord “betaal” verwar.

Vraag 26 het ook talle mistastings bevat. Heelwat kandidate het gereken die atleet het in rugbyklere of “kleure” by die wegspringplek aangekom of geantwoord dat hy daarheen gehardloop of gestap het.

Baie het as antwoord geskryf dat sy fiets gebreek het en party het gedink hy het ŉ fiets “geleer”.

Die beskrywende woord “ryloop” (Engels *to hitch hike)* moet as woordeskat ingeskerp word.


© 2015

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**Paper 0548/05**
**Oral**

**Key message**

In order to do well in this examination, candidates should:

- consider the issue raised in their Oral Assessment Card and their own reaction(s) to it
- be ready to engage in a natural and spontaneous discussion
- be prepared to take the lead in the conversation.

**General comments**

The Examiners should be commended for putting the candidates at ease and prompting them with appropriate questions which led to good responses and interesting conversations.

The recordings were generally of a good standard. All the recordings were clearly labeled and CDs were packed in covers and padded envelopes to protect them in transit.

The marking was generally carried out to a satisfactory standard. Mark sheets were submitted as instructed and the timing of the tests followed the format specified in the syllabus.

**Comments on specific parts of the Speaking tests**

Several topics were covered and most candidates were able to express themselves naturally and spontaneously.

Most candidates were confident and gave relevant answers to questions without much hesitation. The Examiners prompted the candidates where necessary to improve the flow of the conversation.

Although pronunciation was sometimes influenced by another language, most candidates were able to make themselves perfectly understood in idiomatic Afrikaans.


© 2015